



Die dood van dogma?

Calvyn se gebruik van die begrippe *dogma* en *doctrina*¹

V.E. d'Assonville
Departement Ekklesiologie
Universiteit van die Vrystaat
BLOEMFONTEIN
E-pos: vicdas@xsinet.co.za

Abstract

Dogma's death? Calvin's use of the concepts *dogma* and *doctrina*

In theological as well as in popular articles it has become customary to refer to “dogma” in a negative context. The trend to report negatively on the role and place of dogma in faith, religion and theology is especially obvious in reflections and studies on the sixteenth century Reformers – in particular John Calvin. There is, however, a conspicuous absence of due allowance for important aspects of the understanding and elucidation of historical texts by most authors, including researchers and journalists. The fact that almost 500 years’ history of spiritual trends and philosophical development has already developed between us and the sixteenth century is ignored to a great extent. Concepts are used as if there were no semantic and linguistic development, and this approach leads to superficial evaluation of historical texts and figures.

1 Met die toestemming van die uitgewers berus hierdie artikel op navorsing wat in 2002 in Princeton, VSA, aan die internasionale Calvynnavorsingskongres voorgestel is (kyk D'Assonville, 2004). Vir Suid-Afrika is dit heeltemal verwerk en vertaal ter wille van die Suid-Afrikaanse aktualiteit. Deur die deurgaanse strewe om Calvyn in die oorspronklike (Latyn) te lees, word hulde gebring aan wyle prof. N.T. (Theo) van der Merwe as 'n besondere leermeester – 'n hoogleraar wat die *ad fontes*-beginsel konsekwent uitgeleef en beoefen het. Daarom was hy ook wêreldwyd gerespekteer vir sy akademiese standaarde en insigte.

This article points to the gap in existing research and then investigates the interaction between the concepts “dogma” and “doctrina”. It is indicated that a doctrinal treatment of the Word, or even dogmatism, was never an issue in Calvin’s thought. In research on Calvin or in translating his work it is important to be aware of the nuances and wide spectrum of possibilities he worked with when using concepts. These aspects should be considered linguistically and hermeneutically. The danger of reading Calvin eclectically, ignoring the genre and historical background, is also indicated in this article.

Opsomming

Die dood van dogma? Calvyn se gebruik van die begrippe *dogma* en *doctrina*

In sowel teologiese as populêre artikels het dit gebruiklik geword om na “dogma” in ’n negatiewe konteks te verwys. Veral die manier waarop besin word oor die sestiende-eeuse Reformatore (spesifiek Johannes Calvyn), getuig van hierdie neiging om negatief te berig oor die rol en plek van die sogenaamde dogma in geloof, godsdiens en teologie. Dit is egter opvallend dat die meeste skrywers (navorsers sowel as joernaliste) belangrike deurslaggewende aspekte vir die verstaan en verklaring van historiese tekste nie genoegsaam verreken nie. Dat daar reeds byna 500 jare se geskiedenis van geestestrominge en filosofiese ontwikkeling tussen ons en die sestiende eeu lê, word grootliks verontagsaam. Met begrippe word omgegaan asof dit nie ’n verskuiwing (semanties, taalkundig, ensovoorts) ondergaan het nie. So ’n benaderingswyse lei meestal dan ook tot ’n oppervlakkige hantering van historiese tekste en persone.

Hierdie artikel wys op die leemte in bestaande navorsing en gaan dan in op die wisselwerking van die begrippe “dogma” en “doctrina”. In die ondersoek word nie net aangetoon dat by Calvyn nie sprake is van ’n doktrinêre omgang met die Woord of van dogmatisme nie, maar word ook daarop gedui hoe belangrik dit is om in navorsing oor of vertaling van Calvyn bewus te wees van die nuances en die wye spektrum van moontlikhede waarbinne hy begrippe gebruik – aspekte wat taalkundig en hermeneuties in ag geneem behoort te word. Daarmee saam word gewys op die gevaar om Calvyn op ’n eklektiese manier te lees en genre en historiese samehang te ignoreer.

1. Inleiding

1.1 *Dogma* as negatiewe fenomeen

Dat kerklike dogma vandag onder verdenking staan, en by name in Protestantse kringe, is nie 'n nuwe fenomeen nie. Reeds byna 'n halwe eeu gelede merk die Switserse teoloog en Reformasie-navorsers, Gottfried Locher (1959:3) die volgende op: "Wer heute vom Dogma spricht, rührt ein heißes Eisen an. Er muß von vornherein auf Abwehr, ja auf Mißtrauen und Widerstand gefaßt sein." Ook die Lutherse dogma-historikus, Bernard Lohse, het daarna verwys dat daar feitlik eenstemmigheid in kerklike sowel as nie-kerklike kringe is ten opsigte van die roep na 'n "ondogmatiese Christendom" (Lohse, 1994:9).² Op 'n soortgelyke wyse noem Filser (2001:16) dat die begrippe *dogma*, *dogmatiek* en *dogmatici* in die Europese tale negatiewe assosiasies oproep. Hierdie begrippe geld in hedendaagse anti-dogmatiese denke as hoogs verdagte oorblyfsels van oningeligte denke, want voorstellings wat teensin oproep, byvoorbeeld *starheid* of *outoritêre absolutisme* (*Autoritarismus*), word daarmee verbind.³ Die Suid-Afrikaanse dogmatikus, Conrad Wethmar (2002:282), bevestig hierdie tendens: "The term *dogma* in the Western world, ... currently has a very negative meaning. It is inter alia associated with attitudes like rigidity, authoritarianism and even irrationality."

Hierdie waarneming oor sienings aangaande *dogma* word egter nie net in wetenskaplike studies vermeld nie. As aanname speel dit in meer populêr-wetenskaplike publikasies, byvoorbeeld dié van Wolmarans (2002:220, 221) en Müller (2006:39-43), 'n deurslaggewende rol in hulle hantering van onderwerpe, terwyl groot prominensie daaraan verleen word deur koerantartikels, soos dié

2 Lohse (1994:9): "Wenn sich heute viele Menschen diesseits und jenseits der Kirchenmauern in einem Punkt einig sind, so sind sie es in der Forderung nach einem undogmatischen Christentum. Seit den Tagen der Aufklärung ist das Dogma, oder jedenfalls das Verständnis, das man vom Dogma hatte, für ungezählte Menschen zum Ärgernis geworden, das sie an einem lebendigen Glauben hindert. Die moderne Weltanschauungen haben den Kampf gegen das christliche Dogma auf ihre Fahnen geschrieben."

3 Filser (2001:16): "Die Begriffe 'Dogma', 'dogmatisch', 'Dogmatik' und 'Dogmatiker' haben in den europäischen Sprachen negative Konnotationen und gelten im modernen antidogmatischen Denken als höchst verdächtige Restbestände unaufgeklärten Denkens; denn mit ihnen verbinden sich abschreckende Vorstellungen, Ressentiments und Gedankenassoziationen, wie 'Starrheit', 'Autoritarismus', ...".

van byvoorbeeld Van Niekerk (2005). Trouens, in laasgenoemde koerantartikel is die doodstydung oor dogma as sodanig “offisieel aangekondig”: “Die dood van dogma” (Van Niekerk, 2005:1) – met ’n soeke na ’n alternatief vir die “gereformeerde kerke se tradisionele dogmas” (Van Niekerk, 2005:1).

Omdat oor ’n redelike breë spektrum, en spesifiek in populêre studies, gewerk word met hierdie aanname van negatiewe persepsies oor *dogma* en *leer* sowel as oor die begrippe *dogma*, *leerstellings* en *kerklike leer*, en verwysings na die Reformasie ook dikwels Calvyn insluit (byvoorbeeld Van Niekerk, 2005:1), sonder dat die historiese gebruik van die begrip *dogma* in die sestiende eeu bewustelik gereflekteer word, kan dit die navorser baat om sestiende-eeuse bronne nader te trek. In die lig hiervan gee hierdie artikel gevolglik aandag aan die manier waarop Calvyn homself uitgedruk het in sy gebruik van die twee begrippe, *dogma* en *doctrina*. Moontlike implikasies daarvan word in ’n slotperspektief aan die orde gestel.

1.2 Teologiese begrippe by Calvin

Dit is opvallend hoe baie studies daar die afgelope dekades was oor die wyse waarop Calvyn verskillende begrippe gebruik het. Sowel die begrippe self, maar ook die semantiese velde waarin hulle gebruik word asook hulle teologiese inhoud kom in hierdie ondersoek aan die orde.⁴ Aan die ander kant vind ’n mens in hierdie opsig nog altyd ’n leemte in die navorsing. Te veel begrippe wat Calvyn gebruik, word eenvoudig vandag verstaan volgens hulle huidige (tuintigste- en een-en-tuintigste-eeuse) gebruik (Neuser, 2002:1). Hierdie onnoukeurigheid in Calvynnavorsing in die besonder, maar ook in die algemene gereformeerde teologie, lei eerder tot ’n verdere verduistering van onderwerpe, as wat dit enigsins opheldering verskaf (vgl. Ritschl, 1990:608).

Ook pogings om hierdie onduidelikheid in die gebruik van begrippe soos *leer* deur etimologiese ondersoek van terme soos *doctrina*, *dogma*, ensovoorts uit die weg te ruim, is van weinig hulp (Ritschl, 1990:610). Bloot die lees van hedendaagse Calvyn-interpretasies

4 Vergelyk byvoorbeeld Boisset (1976); Balke (1980); Retief (1984); Raitt (1984); Willis (1984); Simpson (1984); De Greef (1985); Gamble (1985); Armstrong (1988); Gründler (1988); Simpson (1991); Kayayan (1995; 1996); Battles (1996a; 1996b); Lee (1997).

wys hoe anachronisties en onwetenskaplik daar soms met sestiende-eeuse begrippe te werk gegaan word.

2. *Dogma en doctrina*: verskuiwings en verhoudings

2.1 Semantiese verskuiwing: van die sestiende eeu tot vandag

Teologiese ontwikkeling in die tyd na die Reformasie, byvoorbeeld wat die Gereformeerde en Lutherse Ortodoksie sowel as die Piëtisme en Metodisme betref (om 'n belangrike geestesrigting soos die *Aufklärung* nie buite rekening te laat nie), is meer as genoeg motivering om na die begrip *dogma* te kyk. Die begrip *dogma* is naamlik in die hedendaagse teologie (Rooms-Katoliek sowel as Protestants – vgl. Filser, 2001:13-22) minstens net so 'n sentrale begrip as *doctrina*. Wickert (1982:33) maak in hierdie opsig die toepaslike opmerking:

Wenn man die quasi-scholastische Verarbeitung des Dogmas der (Alten) Kirche durch die altprotestantische Orthodoxie, die Verdrängung des Dogmas durch *praxis pietatis* im Pietismus, die Auflösung des Dogmas durch die autonome Vernunft in der Aufklärung in Betracht zieht, so begreift man, daß hier der genuin reformatorische Gebrauch des Dogmas preisgegeben ist. Das gilt selbst für die *Orthodoxie*, welche die Kühnheit des die Überlieferung gleichsam riskierenden reformatorischen Glaubens nicht festhalten konnte, so wenig sie andererseits imstande war, mit ihrer Leidenschaft für die Lehre das genuin kirchliche Dogma zu restituieren.

Neem 'n mens dan in ag hoe negatiewe konnotasies aan die begrip *dogma* verbind word, ondanks sy belangrikheid in die teologie, bied dit des te meer 'n rede dat die gebruik van die begrip *dogma* binne sy verband met die begrip *doctrina* ondersoek behoort te word – spesifiek by Calvyn, wat nog gereeld sonder bewysvoering van een of ander vorm van “dogmatisme” of “doktrinalisme” beskuldig word.

2.2 Statistiese verhouding

By die eerste deurlees van Calvyn se werke is dit opvallend watter verskille daar is tussen sy gebruik van die begrippe *dogma* en *doctrina* onderskeidelik, ten minste ten opsigte van die statistiese gebruik daarvan. Een voorbeeld in hierdie verband vind 'n mens in die *Institusie* van 1536 (OS I):

	doctrina	dogma
Brief aan Koning Francois I:	13x	1x
Hoofstuk 1:	10x	0
Hoofstuk 2:	1x	1x
Hoofstuk 3:	3x	0
Hoofstuk 4:	15x	1x
Hoofstuk 5:	16x	4x
Hoofstuk 6:	25x	3x
Totaal:	83x	10x
	(= 8,3 : 1.)	

Op 'n soortgelyke wyse is daar ook 'n frekwensieverskil in die gebruik van albei begrippe in die *Institusie* van 1559; die statistiese verhouding is verstommend dieselfde:

Totaal: *doctrina* = 445x; *dogma* = 54x. (= 8,24 : 1.)

'n Kykie in die onderwerpsindeks van die nuwe COR-bande (bv. COR XI/2, XII/1, XII/2) bevestig hierdie tendens. Behalwe vir enkele uitsonderings gebruik Calvyn die begrip *dogma* selde, terwyl *doctrina* 'n sentrale plek in sy gewone gebruik van begrippe uitmaak. Hierdie feit verklaar waarskynlik die verskillende ondersoeke wat daar al was oor die *doctrina*-begrip en ook dat die besondere waarde van *doctrina* by herhaling weer in sekondêre literatuur vermeld word (vgl. D'Assonville, 2001:18 e.v.; Van 't Spijker, 2001:J211, J212), heeltemal in teenstelling met die begrip *dogma*, wat tot dusver heelwat minder die aandag van Calvynnavorsers geniet het (met die uitsondering van De Boer, 1984; Koopmans, 1983; Bowen, 1985; Filser, 2001).⁵

2.3 Kort oorsig oor die navorsing

Al twee begrippe, *doctrina* én *dogma*, bevind hulle natuurlik in dieselfde semantiese begrips- of woordvelde. Dit het meegebring dat, in die enkele studies oor die begrip *dogma* by Calvyn, albei begrippe weliswaar in hulle onderlinge verhouding tot mekaar ondersoek is, maar met die uitsondering van De Boer (1984) nie werklik en ook nie bewustelik in dieselfde konteks nie, terwyl De Boer op sy beurt sy ondersoek tot die 1559-*Institusie* beperk het. Daar bestaan dus nog altyd geen ondersoek oor die begrip *dogma*

5 Mooi (1965) het in sy monografie oor "Het kerk- en dogmahistorisch element in de werken van Johannes Calvijn" nie op die begrip *dogma* as sodanig ingegaan nie.

in sy direkte verhouding met die begrip *doctrina* wat verder strek as die *Institusie* nie. Juis in hierdie opsig weerspreek die menings oor Calvyn se gebruik van die begrip mekaar. Met verwysing na Luther, Zwingli en Calvyn oordeel Lohse (1994:16) byvoorbeeld baie algemeen: “Es ist daher, innerhalb der evangelischen Kirche den einmal gebräuchlich gewordenen Begriff der Dogmen im Sinne von Bekenntnissen oder auch Lehrbekenntnissen zu verstehen ...”. Daarteenoor kom De Boer op grond van sy ondersoek oor die gebruik van die *dogma*-begrip tot die gevolgtrekking dat Calvyn in sy *Institusie* die begrip *dogma*, in teenstelling met *doctrina*, meestal in ’n negatiewe sin gebruik. Waar Bowen (1985:69 e.v., soos aangehaal deur Thompson, 1992:232) op sy beurt onder meer redeneer dat *dogma* nie deur Calvyn as sinoniem vir *doctrina* gebruik is nie, is Filser (2001:94) weer van mening dat Calvyn *dogma* en *doctrina* wel as sinonieme verstaan het.

3. Tekste en metodologie

3.1 Metodologiese aspekte by die keuse van tekste

By die keuse van tekste vir hierdie teologies-sistematiese ondersoek is sowel die tydperke waarbinne betrokke tekste tot stand gekom het (insluitend die historiese konteks) in ag geneem, asook die *genres* van die betrokke tekste (byvoorbeeld kommentare, apologetiese geskrifte, ensovoorts). Uiteraard is tekste gekies waarin sowel die begrippe *doctrina* as *dogma* voorkom, veral waar hulle binne direkte verband met mekaar staan. Verder is hierdie tekste spesifiek gekies omdat dit ’n goeie weerspieëling bied van Calvyn se denke in dié verband, veral omdat hy nie baie met die begrip *dogma* werk nie.

3.2 Keuse van tekste

Vir hierdie analise is die volgende tekste ondersoek:

- *Responsio ad Sadoleti Epistolam* (1539), OS I,464, reël 22-469, reël 19, veral OS I,465, reël 23-466, reël 2; 467, reël 38, 39, 468, reël 44-469, reël 10.
- *Commentarii in Acta Apostolorum* – Calvyn se uitleg van Handeling 8:13 (1552), COR II:XII/1,238-240.
- *Commentarii in Acta Apostolorum* – Calvyn se uitleg van Handeling 23:29 (1554), COR II:XII/2,246,5-13.

- *Commentarii in Acta Apostolorum* – Calvin se uitleg van Handeling 26:7 (1554), COR II:XII/2,274,27-275,20 – veral 274,32-275,5.
- *Commentarius in epistolam Pauli ad Timotheum 1* – Calvin se uitleg van 1 Timoteus 6:2b-3 (1548), CO 52,323-324.

4. Resultate

4.1 Opmerkings oor die individuele tekste

4.1.1 *Responsio ad Sadoleti Epistolam* (1539)⁶

Byna aan die einde van die eerste kwart van sy antwoord aan Sadoletus (OS I,457-489) praat Calvin binne sewentien reëls (volgens die OS-uitgawe) van sowel 'n “nova doctrina” (in die enkelvoud)⁷ asook van “nova dogmata” (in die meervoud),⁸ afgesien van die ander plekke binne die direkte konteks waar hy ook sowel die begrip *doctrina* as *dogma* gebruik.⁹ Hy maak beswaar dat die Protestante as die uitvindings van “novorum dogmatum” (OS I,465, reël 42) beskryf word. Net twee reëls later herhaal Calvin dat dit glad nie om *nuwe* “doctrina” gaan nie (OS I,467, reël 38 e.v.).¹⁰ Hy verdedig die gereformeerdes teen die aantyging wat reeds vantevore en ook by verskillende geleenthede geopper is deur die

6 OS I,464, reël 22-469, reël 19, veral OS I,465, reël 23-466, reël 2; 467, reël 38,39, 468, reël 44-469, reël 10. Vgl. Link (1994:344) vir literatuurverwysings. Kyk verder ook D'Assonville (1988). Vir 'n vertaling in Nederlands, vgl. Calvin (1977).

7 “Bene ergo Chrysostomus, qui repudiandos monet omnes, qui sub praetextu spiritus a *simplici evangelii doctrina* nos abducunt: quum spiritus sit promissus non ad *novam doctrinam revelandam*, sed imprimendam hominum animis evangelii veritatem.” OS I,465, reël 23-27. (Beklemtoning nie in die oorspronklike nie.)

8 “Nam velut in bivio sint constituti, qui viam Dei quaerunt, ac certo signo destituti eos haesitantes inducere cogaris: utrumne magis expediat, ecclesiae auctoritatem sequi, an iis auscultare, quos *novorum dogmatum* repertores vocas.” (OS I,465, reël 38-42. Beklemtoning nie in die oorspronklike nie.)

9 OS I,465, reël 24 e.v.: “*simplici evangelii doctrina*”; OS I,466, reël 1: “... , quo illa [ecclesia] *doctrina omnes examinet*”; reël 8: “*Christi doctrina*”. Vgl. weiter OS I,467, reël 2: “*doctrina*”; reël 5 e.v.: “*Doctrinae propheticae et evangelicae veritas ...*”; reël 38: “*doctrina*”; 468, reël 9,15,16; reël 44 e.v.: “*dogmata nostra*”; 469, reël 7: “*dogma*”.

10 OS I,467, reël 38 e.v.: “*Neque vero in doctrina dubitamus ad veterem ecclesiam provocare.*”

voorstanders van die Rooms-Katolieke Kerk, naamlik dat die Reformatoriese (evangeliese) *doctrina* “nuut” sou wees. Calvyn rig hom in sy argumentasie hier nie net tot Sadoletus as individu nie, maar ook tot die teenstanders van die Reformasie in die algemeen.

In Sadoletus se brief (OS I,441-456) aan Genève en sy inwoners, die aanleiding vir Calvyn se *Responsio*, word die begrippepaar *nova doctrina* en *novum dogma* weliswaar nie deur Sadoletus gebruik nie, maar nogtans gaan hy by etlike geleenthede in op die teenstelling tussen “nuwighede” (*nova*) en “die oue” (*vetera*) as ’n sentrale tema in die diskussie met die Reformasie.¹¹ Wanneer Calvyn hierdie argument van Sadoletus weer opneem om dit te weerlê, verweer hy hom heel waarskynlik teen die volgende passasie, waar Sadoletus beklemtoon dat diegene, wat in die skoot en in die tug van die (Rooms-)Katolieke Kerk (“*catholicae ecclesiae gremio et disciplina*”) opgevoed is, die volgende as sy geloof sou bely:

Ego, quum institutus essem a *parentibus meis*, qui et ipsi a *patribus suis* et *avis* acceperant, ut cunctis in rebus catholicae ecclesiae essem obsequens, eiusque leges et monita et decreta, languam a te ipso, Domine Deus, lata observarem et colerem: quumque omnes eos fere, qui in christiano nomine censerentur, quique et nobiscum, et ante nos, longe et late per orbem terrarum tua signa essent sequuti, in eadem sententia esse et fuisse, animadverterem, ut cuncti matrem fidei suae hanc ipsam ecclesiam agnoscerent et venerarentur, et ab eius praeceptis constitutisque discedere sacrilegii instar putarent, in hac eadem fide, quam catholica servat docetque ecclesia, probare tibi me studii. Et quanquam venerant *homines novi* scripturas multum in ore et manibus habentes, qui *nova* quaedam commovere, *vetera* labefactere, ecclesiam redarguere, obedientiam quam illi nos omnes praebebamus, eripere nobis et extorquere conarentur, in eo tamen constanter manere volui, quod a *patribus meis*, et a communi *sanctissimorum doctissimorumque patrum* consensu iam inde *antiquitus* in ecclesia fuisset et observatum et traditum ... (OS I,451, reël 42-452, reël 16. Beklemtoning nie in die oorspronklike nie.)

Vir Sadoletus gaan dit duidelik daarvoor om ’n bepaalde teenstelling – wat deur hom só ingekleur word – tussen die Reformatoriese (evangeliese) *doctrina* en die Rooms-Katolieke geloof te beklemtoon. Volgens hom is die Rooms-Katolieke geloof die

11 Vgl. byvoorbeeld OS I,443, reël 7; 446, reël 13; 450, reël 22; 451, reël 25; 452, reël 10 e.v.; 453, reël 3 e.v.; 18; 39 e.v.

teenpool van die Reformatoriese “nuwighede” (*nova*). Die Rooms-Katolieke geloof is afkomstig van die *catholica ecclesia* (die moeder *fidei*), en is deur die ouers onderrig wat dit op hulle beurt van hulle vaders en voorouers oorgelewer ontvang het. Die Reformatoriese *nova* aan die ander kant is deur “nuwe mense” (*homines novi*) na vore gebring om die “oue” (*vetera*) tot niet te maak en die *ecclesia (catholica)* te beskuldig, aldus Sadoletus.

Reeds in sy brief aan Koning Francois I, wat Calvin oorspronklik op 23 Augustus 1535 geskryf het (OS III,30,26-40; vgl. OS I,36) en wat hy toe vooraf bygevoeg het by die eerste uitgawe van die *Institusie* sowel as by alle opvolgende uitgawes, het Calvin op hierdie beskuldiging ingegaan. Die eerste argument van die teenstanders van die Reformasie is volgens Calvin die volgende: “Novam [*doctrinam*] appellat et nuper natam ...” (OS III,14,29). Hierdie bewering van Rooms-Katolieke kant word ook deur Bohatec in sy uiteensetting van die belangrikste teenstanders van Calvin behandel:

Die Gegner nennen die evangelische Lehre *neu*, erst unlängst entstanden, und ‘bemäkeln’ sie als zweifelhaft und unsicher. In seinem dem König gewidmeten ‘Transitus Hellenismi ad Christianismum’ spricht Budé von den ‘patroni *novitatis, novarum rerum molitores, novarum tabularum promulgatores, homines rerum novandarum cupidi*’; von den ‘*novae opiniones, rerum novarum molitiones*’, von der *novitas, novitas inaudita, nova aedificii spiritualis ratio*. Die neue Lehre baut sich auf Zweifeln auf, da ihren Anhängern erlaubt wird, über die Lehre nach der Art der alten Akademie zu disputieren, wodurch die Religion des Christentums in das Chaos der Akademie zurückgeleitet wird ... (Bohatec, 1950:130).

Dit is opvallend dat Sadoletus in sy skrywe aan die inwoners van Genève soortgelyke begrippe as Budé gebruik. Dít wat Bohatec dus oor Budé sê, is in ’n sekere sin ook van toepassing op Sadoletus. In Calvin se antwoord aan Sadoletus reageer hy op presies dieselfde aantygung teen die Reformasie, naamlik dat die Reformatoriese *doctrina* “nuut” is. Volgens die Reformasie-teenstanders is die Reformatoriese *doctrina* dus ’n *nuwe* opvatting of segswyse, ’n *nuwe* wyse van onderrig, wat nie met die *doctrina* van die Vroeë Kerk ooreenstem nie. Dit gaan natuurlik uiteindelik oor die gesagsvraagstuk – dié vraagstuk van die Reformasie – en ’n *nuwe doctrina* sou dus dienooreenkomstig nie die rugsteun van die Vroeë Kerk of die apostels of kerkvaders hê nie. Volgens die Rooms-

Katolieke idee van gesag ontbreek alle gesag dan by hierdie “nuwe” *doctrina*.

Weereens, net soos in sy brief aan Koning Francois I in die *Institusie* (vgl. D'Assonville, 2001:76 e.v.), wys Calvin in sy antwoord aan Sadoletus laasgenoemde se aantygings af (vgl. veral OS I,466, reël 12 e.v.), sowel ten opsigte van die beeld van die kerk (“*ecclesiae facies*” – OS I,466, reël 25) asook van die *doctrina*: “Ook in die *doctrina* twyfel ons geensins daaraan om ’n beroep op die Ou Kerk te doen nie” (OS I,467, reël 38 e.v.).¹² Terwyl hy Sadoletus se bewering ontken, beklemtoon Calvin – met betrekking tot die vraag van die nuwe *doctrinae* en *dogmata* onderskeidelik – die direkte samehang tussen *doctrinae/dogmata*, die Heilige Gees en die Woord van God. Die klassieke gedeelte, waar Calvin aandui wat die pousgesindes en die wederdopers teologies met mekaar in gemeen het (vgl. Locher, 1960:25), word inderdaad deur die twee begrippepare, naamlik *nova doctrina* en *nova dogmata* ingesluit:

Bene ergo Chrysostomus,¹³ qui repudiandos monet omnes, qui sub praetextu spiritus a simplici evangelii *doctrina* nos abducunt: quum spiritus sit promissus non ad *novam doctrinam* revelandam, sed imprimendam hominum animis evangelii veritatem. Ac nos re ipsa hodie experimus, quam fuerit necessaria admonitio. [...]

Tuque, Sadolete, in primo limine impingendo, dedisti poenas eius contumeliae, quam spiritui sancto iussisti, quum separasti ipsum a verbo. Nam velut in bivio sint constituti, qui viam Dei quaerunt, ac certo signo destituti eos haesitantes inducere cogis: utrumne magis expediat, ecclesiae auctoritatem sequi, an iis auscultare, quos *novorum dogmatum* repertoires vocas ... (OS I,465, reël 23-42).

Direk ná hierdie paragraaf neem Calvin sy argumentasielyn verder (OS I,465, reël 42 e.v.): hy koppel nie net die *Heilige Gees* en die

12 OS I,467, reël 38 e.v.: “Neque vero in doctrina dubitamus ad veterem ecclesiam provocare.”

13 Calvin se verwysing na Chrysostomos is veelseggend. Hy doen ’n beroep op Chrysostomos – juis met die eenheid van die *doctrina* in gedagte – ’n eenheid wat met die Vroeë Kerk ooreenstem. (Vgl. Locher, 1960:25; Link, 1994:343.)

’n Bladsy later in sy brief vermeld Calvin Chrysostomos weer, hierdie keer saam met Basilius, Cyprianus, Ambrosius und Augustinus: OS I,466, reël 32. Vgl. ook Mooi (1965: 61).

Woord met die feit dat die Woord die maatstaf is waaraan alle “doctrinae” getoets moet word nie (OS I,465, reël 44-466, reël 1), maar ook verbind hy die “una Christi doctrina” met die ware kerkbeskouing:

Nunc si definitionem ecclesiae tua veriolem recipere sustines, dic posthac, societatem esse sanctorum omnium, quae per totum orbem diffusa, per omnes aetates dispersa, una tamen Christi *doctrina* et uno spiritu colligata, unitatem fidei ac fraternam concordiam colit atque observat (OS I,466, reël 5-10).

Die eenheid word deur Calvyn na vore gebring en beklemtoon, of dit nou die *een doctrina* is, of die *een* Heilige Gees, of die *eenheid* van die geloof of die broederlike *eendrag*. Daarmee weerlê Calvyn Sadoletus: Van ’n *nuwe* (of meer as een *nuwe*) *doctrina* is daar by die gereformeerdes (reformatories-gesindes) nie sprake nie.

4.1.2 Commentarii in Acta Apostolorum

4.1.2.1 Commentarii in Acta Apostolorum – Calvyn se uitleg van Handeling 8:13 (1552 – COR II:XII/1,238-240)¹⁴

Calvyn se uitleg van Handeling 8:4-25 is ’n goeie voorbeeld van die manier waarop Calvyn wys op ’n direkte verband tussen *fides* of *credere* (COR II:XII/1,238,1 e.v.), *pietas* (COR II:XII/1,238,4),¹⁵ die Heilige Gees (COR II:XII/1,238,5), die Woord (van God – COR II:XII/1,238,6), *docere* (COR II:XII/1,238,7) en die *doctrina* (COR II:XII/1,238,8 & 15). Terwyl Calvyn tussen drie tipes geloof onderskei (COR II:XII/1,238,1 e.v.),¹⁶ toon hy hierdie tipes trapsgewys aan, waarby hy die hoogste waarde aan die “doctrina” (COR II:XII/1,238,8) oftewel die “Evangelii doctrina” (COR II:XII/1,238,15) toeken. In teenstelling met sy gebruik van *doctrina* in albei hierdie gevalle, word die begrip *dogma* ’n paar reëls verder, in die volgende paragraaf, op ’n negatiewe wyse deur Calvyn gebruik. Daar dui *dogma* naamlik op ’n bepaalde enkele leerstuk, wat

14 Vgl. Calvin (1854:333 e.v.).

15 Ten opsigte van *pietas* by Calvyn, vgl. Simpson (1984); Lee (1997); Battles (1996a).

16 COR II:XII/1,238,1 e.v.: “..., inter fidem et meram simulationem aliquid esse medium ...”.

afkomstig is van die pousgesindes; 'n leerstuk met sy oorsprong dus by mense en nie by God nie (COR II:XII/1,238,22 e.v.).¹⁷

Die kontras tussen “Evangelii doctrina” en “papistarum dogma” lê op twee vlakke. Aan die een kant word die positiewe en die negatiewe kwalifikasie van “doctrina” en “dogma” deur onderskeidelik die positiewe en negatiewe selfstandige naamwoorde “Evangelium” en “papistae” bepaal; aan die ander kant is die inhoud van “Evangelii doctrina” semanties baie meer omvattend, terwyl “papistarum dogma” in die tekssamehang begrens en beperk is.

4.1.2.2 *Commentarii in Acta Apostolorum* – Calvin se uitleg van Handeling 23:29 (1554 – Cor II:XII/2,246,5-13)¹⁸

Wanneer Calvin in sy uitleg van Handeling 23:29 (COR II:XII/2,246,5-13) die begrippe *dogma* en *doctrina* in een sin gebruik (COR II:XII/2,246,6-9),¹⁹ kom baie helder na vore hoe albei begrippe onderskeidelik in hierdie geval deur ander begrippe gekwalifiseer word: *dogma* word deur die byvoeglike naamwoorde *pravus* en *impius* (COR II:XII/2,246,7) gekwalifiseer en in 'n volgende sin deur *falsus* (COR II:XII/2,246,13); *doctrina* word deur die selfstandige naamwoord *pietas* nader gekwalifiseer (COR II:XII/2,246,7 e.v.). Daaruit word duidelik dat *dogma* hier ondubbelsinnig negatief en *doctrina* positief gebruik word; albei begrippe word doelbewus in kontras teenoor mekaar geplaas. Waar daar eerstens daarvan sprake is dat die *doctrina (pietatis)* deur die (slegte en goddelose) *dogma* verdorwe (*corrumpere*) word (COR II:XII/2,246,8), is dit in die volgende sin die *ecclesia*, wat deur *valse dogmata* in verwarring gebring of verstrooi word (*turbasse* – COR II:XII/2,246,13).

Die wyse waarop *dogmata* hier albei kere sonder twyfel in 'n negatiewe sin gebruik word, dui op 'n beperking van die inhoud waarna die begrip heenwys, iets soos “leerstukke”, in teenstelling met die breë, omvattende semantiese woordveld wat hier deur die begrip *doctrina* gedek word.

17 COR II:XII/1,238,22 e.v.: “Papistarum dogma est, nisi quis ponat obicem peccati mortalis, omnes cum signis recipere veritatem et effectum.”

18 Vgl. Calvin (1859:283).

19 COR II:XII/2,246,6-9: “Nam in populo Dei non levioere poena dignum est scelus, pravis et impiis dogmatibus pietatis doctrinam corrumpere, quam iniuria aliqua vel maleficio aequitatem et ius violare inter homines.”

4.1.2.3 *Commentarii in Acta Apostolorum* – Calvyn se uitleg van Handeling 26:7 (1554 – COR II:XII/2,274,27-275,20 – veral 274,32-275,5)²⁰

Paulus verdedig homself in Handeling 26:2-29 voor Agrippa en Festus teen die aanklagte van die Jode deurdat hy op die vervulling van die belofte wys. Dit is die belofte “waartoe ons twaalf stamme wat God aanhoudend dag en nag dien, hoop om te kom; oor hierdie hoop, koning Agrippa, word ek deur die Jode beskuldig” (Hand. 26:7).

In sy uitleg van hierdie vers beroep Calvyn hom op Paulus, en die wyse waarop Paulus hom teenoor Agrippa en Festus verantwoord: “Atqui idem est *totius doctrinae meae* scopus: quia ubi redemptionis gratia proponitur, simul aperitur ianua regni caelorum” (COR II:XII/2,274,32 e.v.).

Die begrip *doctrina* word dus hier in omvattende sin as verwysing na die hele (Pauliniese) Woordverkondiging gebruik. Calvyn omskryf die skopus oftewel die doel of sentrum van hierdie *doctrina* as die bekendmaking van die genade van die verlossing (“redemptionis gratia”). Daarby kwalifiseer Calvyn die *doctrina* wat deur Paulus gepreek is nog meer spesifiek; dit is naamlik die *doctrina* oor die opstanding van die Verlosser uit die dood. Hierdie *doctrina* word uit die Woord van God bevestig:

Et cum praedico a mortuis excitatum salutis authorem, primitias beatae immortalitatis offero in eius persona. Ita superior doctrinae confirmatio ex Dei verbo sumpta fuit, cum Patribus factam promissionem in medium adduceret (COR II: XII/2,274,33 e.v.).

Wanneer Calvyn vervolgens die “Ecclesiae consensus” as tweede argument aanvoer, gebruik hy die begrip *dogma* ook in hierdie positiewe sin:

Nunc secundo loco adiungit Ecclesiae consensum. Atque haec legitima est in asserendis fidei *dogmatibus* ratio, ut praebeat Dei auctoritas, deinde accedat Ecclesiae suffragatio ... (COR II: XII/2,275,1 e.v.).

Ten opsigte van die gesag van die *fidei dogmata* beklemtoon Calvyn dat dit in die eerste plek oor die “Dei auctoritas” gaan, “deinde

20 Vgl. Calvin (1859:314, 315).

accedat Ecclesiae suffragatio” (COR II:XII/2,275,2 e.v.). Die volgorde is van deurslaggewende belang, want God se gesag is grondliggend. Die saak waaroor dit gaan, is tog nie ’n teenstelling tussen die gesag van God en die gesag van die kerk nie, maar die teenstelling tussen die gesag van God en die gesag van mense. Die gereformeerdes bevind hulle immers by die ware kerk in die opsig dat hulle hulle op die profete en apostels beroep – dus in ooreenstemming met die Woord van God (COR II:XII/2,275,12-16).²¹

4.1.3 *Commentarius in epistolam Pauli ad Timotheum I* – Calvin se uitleg van 1 Timoteus 6:2b-3 (1548 – CO 52,323-324)²²

Die een keer wat *dogma* in Calvin se uitleg van 1 Timoteus 6:3 gebruik word, word dit omsluit deur die begrippepare “sana doctrina” (CO 52,323, reël 51) en “pietatis doctrina” (CO 52,324, reël 5 e.v.). Later in die uitleg is weer sprake van “sanos sermones”, “sanitas” sowel as van “doctrina ... secundum pietatem”. ’n Samehang tussen “pietatis doctrina” en “sana doctrina” kan aangetoon word.²³ Oor hierdie “doctrina”, wat “ooreenkomstig die *pietas* is” (CO 52,324, reël 20),²⁴ sê Calvin die volgende:

... [die *doctrina*] sal nie met die *pietas* ooreenkom, wanneer dit ons nie in die vrees en dien van God onderrig nie, wanneer dit nie ons geloof opbou nie, wanneer dit ons nie opvoed tot geduld, ootmoed en alle liefdesverpligtinge nie.²⁵ (CO 52,324, reël 19-24. Beklemtoneing nie in die oorspronklike nie.)

21 COR II:XII/2,275,12-16: “... praeposteri sunt Papistae: quia ... hominum suffragiis obruunt verbum Dei, ... Atqui ut cum vera Ecclesia nos sentire probemus, a Prophetis et apostolis incipere convenit”.

22 Vgl. Calvin (1856:152 e.v.; 1966:132 e.v.).

23 Vgl. D'Assonville (2001:167): “Er [Calvin] setzt *doctrina*, die gemäß der *pietas* ist, mit *sana doctrina* gleich.”

24 CO 52,324, reël 20: “... doctrina quae secundum pietatem est”.

25 CO 52,324, reël 19-24: “... pietati consentanea erit, nisi fidem nostram aedificet, nisi ad patientiam, humilitatem, omnia caritas officia nos erudiat”.

Vgl. D'Assonville (2001:167): “Eingebettet zwischen der Unterweisung ‘in der Furcht und Anbetung Gottes’ und der Erziehung ‘zu Geduld, Demut und allen Liebespflichten’ – beides sind wesentliche Aspekte der ‘*doctrina*, die gemäß der *pietas* ist’ – liegt die Anforderung an die *doctrina*, die Calvin immer wieder stellt: sie müsse ‘unseren Glauben’ erbauen bzw. die *ecclesia* aufbauen. Insofern betrifft die *aedificatio* die *ecclesia* wie den (‘unseren’) Glauben.”

Dat Calvyn met sy gebruik van die begrip *doctrina* in hierdie geval na die mondelinge verkondiging verwys, word duidelik uit die volgende sin:

... dit kan nouliks verwoord word hoeveel skade 'n skynheilig saamgestelde preek, wat gerig is op sowel die uiterlike skyn asook op nietige vertoon ('n pronkery/grootpraterij) aanrig (CO 52,324, reël 8-10).²⁶

In teenstelling met die feit dat *doctrina* as begrip in Calvyn se uitleg van 1 Timoteus 6:2b-3 konsekwent in 'n positiewe sin gebruik word, met ander woorde met 'n evangeliese inhoud,²⁷ word die begrip *dogma* binne sy verband met "impia" negatief gebruik (CO 52,324, reël 3), dit wil sê dit word duidelik afkeurend en afwysend bedoel, iets in ooreenstemming met "goddelose doktrines".

4.2 Gevolgtrekkings

Op grond van die gebruik van die begrippe *dogma* en *doctrina* in die gekose tekste van Calvyn kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

- Ofskoon die semantiese woordvelde waarin *doctrina* en *dogma* aangetref word, mekaar oorvleuel, gebruik Calvyn die twee begrippe nie as sinonieme nie (*contra* Filser, 2001:94 e.v.), veral en juis nie op dié plekke waar albei begrippe in dieselfde konteks en in wisselwerking met mekaar gebruik word nie.
- Calvyn kan by geleentheid in een asem van sowel 'n "nova doctrina" as van "nova dogmata" praat (OS I,465, reël 25-42). Tog is dit duidelik (ook op grond van die statistiek) dat hy voorkeur verleen aan die begrip *doctrina*, ook in sy brief aan Sadoletus.
- Die gevalle waar Calvyn die begrip *dogma* gebruik, toon enersyds 'n algemene, nie-gespesifiseerde gebruik van die begrip; andersins is daar by die begrip *dogma* glad nie so 'n breë

"Laut Calvin hat die *doctrina* also eine gesundende Wirkung, deswegen ist von *sana doctrina*, bzw. in diesem Falle, von *sani sermones*, die Rede."

26 CO 52,324, reël 8-10: "Dici enim vix potest quantum noceat fucosa, et prorsus ad ostentationem et inanem pompam composita praedicatio."

27 Vgl. D'Assonville (2001:164 e.v.).

reeks gebruiksmoontlikhede soos in die geval van *doctrina* nie;²⁸ dit word veel meer beperk aangewend. Waar 'n veelvoudige spektrum van gebruiksmoontlikhede van die begrip *doctrina* by Calvin voorkom – 'n betekenispektrum, wat deur beskrywende byvoeglike naamwoorde weerspieël of selfs uitgebrei word – word *dogma* onmiskenbaar meer beperk tot die betekenis van begrippe soos “leerstelling” of “leermening”. By geleentheid word *dogma* ook deur Calvin gebruik in die betekenis van “geloofstelling” of selfs “leer” of “doktrine”. Soms kan Calvin se gebruik van *dogma* (Latyn) ook in Afrikaans (of Engels of Duits of ander tale) met “dogma” vertaal word.

- Sowel *dogma* as *doctrina* kan in polemiese sin positief maar ook negatief gebruik word, ofskoon *dogma* meer na 'n negatiewe gebruik en *doctrina* na 'n positiewe gebruik neig.
- Wanneer die begrippe positief gebruik word, is sowel *doctrina* as *dogma* vir Calvin elemente wat dui op 'n lewendige korrelasie tussen die Woord en geloof.
- Meestal kan die onderskeid tussen Calvin se gebruik van die twee begrippe, *dogma* en *doctrina*, teruggevoer word na hulle onderskeie oorspronge. In hierdie opsig staan die menslike element en herkoms by *dogma* meer op die voorgrond. Waar sprake is van *dogma*, gaan dit eerder om onderskeidelik 'n teologiese resepsie van die Woord of die belydenis as antwoord op die verkondiging. By *dogma* word die aspek van menslike nadenke (refleksie) beklemtoon. Daarteenoor het *doctrina* in 'n positiewe opsig sy oorsprong by God; daarom vind 'n mens uitdrukkings soos *hemelse doctrina* of ook *evangeliese doctrina*. By *doctrina* word die aspek van verkondiging benadruk. Dit op sy beurt bied 'n besondere perspektief op die Reformatoriese, gereformeerde kerkbegrip, want vir Calvin ontvang die *doctrina* nie sy gesag van die kerk nie, maar deur die Woord van God van die Heilige Gees, dus van God self.
- Die begrip *doctrina* het 'n belangrike plek by Calvin ingeneem, belangriker as die begrip *dogma*. Daarom staan Calvin se teologie ook as 'n teologie van die Woord bekend (vgl. Neuser,

28 Vgl. “Schlußthese” 2.1 by D'Assonville (2001:201): “Die Skala der *doctrina*-Begriffsanwendungen bei Calvin überrascht sowohl in ihrer Vielfalt (z.B. *doctrina* als *Unterweisung*, *Predigt*, *Zusammenfassung* bzw. *Skopus der Schrift*, *Inhalt des Glaubens*, *Auslegung*, *Heilsverkündigung*, *Seelsorge*, *Bekenntnis*, *Lehrsatz* bzw. *Dogma*, *Lehrgut*) als auch in ihrer Klarheit ...”.

1976:26), 'n teologie wat 'n mens ook as 'n *doctrina*-teologie sou kon omskryf, met ander woorde 'n “teologie van verkondiging”.

- Dit is duidelik dat die distansiëring van die dwaalleer 'n rol speel by die keuse van die gebruik van die onderskeie begrippe, naamlik in die opsig dat dit gereeld tot 'n begripswisselwerking tussen die begrippe *doctrina* en *dogma* lei wanneer Calvyn met die Rooms-Katolieke teologie in diskussie tree. In hierdie geval dui *dogma* op 'n leerstelling van menslike herkoms met 'n negatiewe konnotasie, terwyl *doctrina* verbind word met die samevatting (som) van die evangelie, afkomstig van en ooreenkomstig die gesag van God.
- Die ondersoek bevestig dat daar by Calvyn nie sprake is van 'n doktrinêre *doctrina*-begrip nie, wat nog te sê van 'n dogmatisme.

5. Slot

In die geheel gesien, vind 'n mens nog steeds in die huidige sekondêre literatuur dat die oorwegende meerderheid Calvynnavorsers en -vertalers glad nie of net gedeeltelik bewus is van die nuanses en die wye spektrum van moontlikhede waarbinne hy begrippe gebruik en/of dat hulle dit weinig of glad nie taalkundig en hermeneuties in ag neem nie. Hierdie leemte in Calvynliteratuur en -navorsing hang op sy beurt daarmee saam dat verskillende tydperke waarin bepaalde Calvyntekste hulle oorsprong gehad het, sowel as die spesifieke genres nie genoegsaam verreken word by die lees van Calvyntekste nie. Calvyn word nog steeds te dikwels op 'n eklektiese manier, soms selfs heeltemal willekeurig gelees en met gebruikmaking van die *dicta-probantia*-metode geïnterpreteer, terwyl genre en historiese samehang geïgnoreer word.

'n Bewustheid van bogenoemde sal 'n mens tot versigtigheid noop om met bepaalde aannames oor byvoorbeeld die begrip *dogma* te werk – 'n benaderingwyse waarin op 'n onnoukeurige wyse na die Reformasie in die algemeen en na Calvyn in die besonder verwys word. Wanneer *dogma* dood verklaar word, word dit as begrip anders ingespan as wat dit in die Reformasie en spesifiek by Calvyn die geval was.

Geraadpleegde bronne

ARMSTRONG, B.G. 1988. The concept of restoration/restitution in Calvin. (*In* Neuser, W.H., *Hrsg.* Calvinus servus Christi. Die Referate des Internationalen Kongresses für Calvinforschung vom 25. bis 28. August 1986 in Debrecen. Budapest: Ráday-Kollegium. S. 143-150.)

- BALKE, W. 1980. The Word of God and experientia. (*In Neuser, W.H., Hrsg. Calvinus Ecclesiae Doctor. Die Referate des Internationalen Kongresses für Calvinforschung vom 25. bis 28. September 1978 in Amsterdam. Kampen: Kok. S. 19-31.*)
- BATTLES, F.L. 1996a. True piety according to Calvin. (*In Benedetto, R., ed. Interpreting John Calvin. Grand Rapids: Baker Books. p. 289-306.*)
- BATTLES, F.L. 1996b. Notes on John Calvin, "Justitia", and the Old Testament. (*In Benedetto, R., ed. Interpreting John Calvin. Grand Rapids: Baker Books. p. 307-318.*)
- BOHATEC, J. 1950. Budé und Calvin: Studien zur Gedankenwelt des französischen Frühhumanismus. Graz: Böhlau.
- BOISSET, J. 1976. Justification et Sanctification chez Calvin. (*In Neuser, W.H., Hrsg. Calvinus Theologus. Die Referate des Europäischen Kongresses für Calvinforschung vom 16. bis 19. September 1974 in Amsterdam. Neukirchen: Neukirchener. S. 131-148.*)
- BOWEN, D.A. 1985. John Calvin's ecclesiological adiaphorism: distinguishing the "indifferent", the "essential" and the "important" in his thought and practice, 1547-1559. Vanderbilt University. (Ph.D. thesis.)
- CALVIN, J. 1539. Responsio ad Sadoleti epistolam. (*In OS I,457-489.*)
- CALVIN, J. 1854 [1552]. Commentary upon the Acts of the Apostles by John Calvin. Vol. 1. Translated from the original Latin by C. Fetherstone, edited by H. Beveridge. Edinburgh: Calvin Translation Society.
- CALVIN, J. 1856 [1548/1550/1551]. Commentaries on the Epistles to Timothy, Titus and Philemon by John Calvin. Translated from the original Latin by W. Pringle. Edinburgh: Calvin Translation Society.
- CALVIN, J. 1859 [1554]. Commentary upon the Acts of the Apostles by John Calvin. Vol. 2. Translated from the original Latin by C. Fetherstone, edited by H. Beveridge. Edinburgh: Calvin Translation Society.
- CALVIN, J. 1863-1900. In Ioannis Calvinii Opera Quae Supersunt Omnia. Vol. I-LIX. Ediderunt G.[W]. Baum, E. Cunitz & E. Reuss. Vol. I-LIX, *in* Corpus Reformatorum. Vol. XXIX-LXXXVII. Brunsvigae/Berolini: C.A. Schwetschke et filium. [= CO 1-59.]
- CALVIN, J. 1926-1962. In Joannis Calvinii Opera Selecta. Vol. I-V. 1926-1962. Ediderunt P. Barth, G. (W.) Niesel & D. Scheuner. Monachii in Aedibus [München]: Chr. Kaiser. [= OS I-V.]
- CALVIN, J. 1966 [1548/1551]. Uitlegging van de Pastorale Brieven. Opnieuw vertaald uit het Latijn naar de uitgave van Baum, Cunitz & Reuss door H. Schroten. (*In* Calvijns Commentaren op de Zendsbrieven, *onder redactie van* J. van Genderen, G.P. van Itterzon, S. van der Linde, A.D.R. Polman, R. Schippers & C. Veenhof. Kampen: Kok.)
- CALVIN, J. 1977 [1539]. Het antwoord aan Kardinaal Sadolet. In Nederlands vertaal uit die Latyn. Stemmen uit Genève. Bundel III. Goudriaan: Gereformeerde Bibliotheek.
- CALVIN, J. 1998. In Calvinus, I. Evangelium Secundum Johannem Commentarius, Pars Altera. (*Edidit* Helmut Feld. Ioannis Calvinii Opera Omnia: Denuo recognita et adnotatione critica instructa notisque illustrata, Series II: Opera Exegetica Veteris et Novi Testamenti. Vol. XI/2. Auspiciis Praesidii Conventus Internationalis Studiis Calvinianis Fovendis ediderunt B.G. Armstrong, C. Augustijn, I. Backus, O. Fatio, H. Feld, F.M. Higman, W.H. Neuser, B. Roussel, W. van 't Spijker & D.F. Wright. Genève: Droz.)

- CALVIN, J. 2001. In Calvinus, I. Commentarium in Acta Apostolorum, Liber Primus et Liber Posterior. (*Edidit* Helmut Feld. Ioannis Calvinii Opera Omnia: Denuo recognita et adnotatione critica instructa notisque illustrata, Series II: Opera Exegetica Veteris et Novi Testamenti. Vol. XII/I et XII/2. Auspiciis Praesidii Conventus Internationalis Studiis Calvinianis Fovendis ediderunt B.G. Armstrong, C. Augustijn, I. Backus, O. Fatjo, H. Feld, F.M. Higman, W.H. Neuser, B. Roussel, W. van 't Spijker & D.F. Wright. Genève: Droz.)
- CO
kyk CALVIN, J. 1863-1900 (= CALVINI OPERA OMNIA)
- COR [= Calvinii Opera Recognita]
kyk
CALVIN, J. 1998/CALVIN, J. 2001
- D'ASSONVILLE, V.E. 2001. Der Begriff "doctrina" bei Johannes Calvin – eine theologische Analyse. Münster: Lit Verlag. (U. Kern & K. Hock, *Hrsg. Rostocker Theologische Studien*, Bd. 6.)
- D'ASSONVILLE, V.E. 2004. Dogma und doctrina bei Calvin in einer begrifflichen Wechselwirkung: ein Seminarbericht. (*In* Selderhuis, H.J., ed. Calvinus Praeceptor Ecclesiae. Papers of the International Congress on Calvin Research, Princeton, August 20-24, 2002. Genève: Librairie Droz. p. 189-208.)
- D'ASSONVILLE, V.E. (sr.), 1988. Observations on Calvin's Responso to Cardinal Sadoletus's Letter to the Genevans. (*In* Neuser, W.H., *Hrsg. Calvinus Servus Christi. Die Referate des Internationalen Kongresses für Calvinforschung vom 25. bis 28. August 1986 in Debrecen. Budapest: Ráday-Kollegium. S. 151-164.*)
- DE BOER, E.A. 1984. Geloof onder woorden: over de betekenis van en het theologisch onderzoek naar belijdenis en dogma. *Radix*, 10:68-102.
- DE GREEF, W. 1985. Calvijn over de Cultus Dei Spiritualis. *Theologia Reformata*, 28:181-196.
- FILSER, H. 2001. Dogma, Dogmen, Dogmatik: eine Untersuchung zur Begründung und zur Entstehungsgeschichte einer theologischen Disziplin von der Reformation bis zur Spätaufklärung. (*Studien zur systematischen Theologie und Ethik*, Bd. 28). Münster: Lit Verlag.
- GAMBLE, R.C. 1985. "Brevitas" et "Facilitas": toward an understanding of Calvin's hermeneutic. *Westminster Theological Journal*, 47:1-17.
- GRÜNDLER, O. 1988. The problem of *semen fidei* in the teaching of Calvin. (*In* Neuser, W.H., *Hrsg. Calvinus servus Christi. Die Referate des Internationalen Kongresses für Calvinforschung vom 25. bis 28. August 1986 in Debrecen. Budapest: Ráday-Kollegium. S. 205-207.*)
- KAYAYAN, E. 1995. Accommodation, incarnation et sacrament dans l'Institution de la religion chrétienne de Jean Calvin: l'utilisation de métaphores et de similitudes. *Revue d'Histoire et de Philosophie Religieuses*, 75(3)273-287.
- KAYAYAN, E. 1996. The mirror metaphor in Calvin's Institutes: a central epistemological notion? *In die Skriflig*, 30(4):419-441.
- KOOPMANS, J. 1983 [1938]. Het oudkerkelijk dogma in de Reformatie, bepaaldelijk bij Calvijn. Amsterdam: Bolland.

- LEE, S.-Y. 1997. Calvin's understanding of "pietas". (In Neuser, W.H. & Armstrong, B.G, *Hrsg.* Calvinus Sincerioris Religionis Vindex. Die Referate des Internationalen Kongresses für Calvinforschung vom 13. bis 16. September 1994 in Edinburgh, Scotland. [*Sixteenth Century Essays & Studies*, XXXVI.] Kirksville: Sixteenth Century Journal Publishers. p. 225-239.)
- LINK, C. 1994. Antwort an Kardinal Sadolet – Einleitung. Lateinischer Text und deutsche Übersetzung. (In Busch, E., Heron, A., Link, C., Opitz, P., Saxer, E. & Scholl, H., *Hrsg.* Calvin-Studienausgabe: Reformatorische Anfänge 1533-1541. [Calvin-Studienausgabe, Bd. 1.2.] Neukirchen: Neukirchener. S. 337-429.)
- LOCHER, G.W. 1959. Glaube und Dogma. (Barth, K. & Geiger, M., *Hrsg.* Theologische Studien, Heft 57. Zollikon: Evangelischer Verlag.)
- LOCHER, G.W. 1960. Calvin: Anwalt der Ökumene. (Barth, K. & Geiger, M., *Hrsg.* Theologische Studien, Heft 60. Zollikon: Evangelischer Verlag.)
- LOHSE, B. 1994⁸ [1963]. Epochen der Dogmengeschichte. (*Hamburger Theologische Studien*, Bd. 8. Münster: Lit Verlag.)
- MOOI, R.J. 1965. Het kerk- en dogmahistorisch element in de werken van Johannes Calvijn. Wageningen: Veenman.
- MÜLLER, J. 2006. Opstanding. Wellington: Lux Verbi.BM.
- MULLER, R.A. 1986. Dictionary of Latin and Greek theological terms – drawn principally from Protestant scholastic theology. Grand Rapids: Baker Book House.
- NEUSER, W.H. 1976. Theologie des Wortes – Schrift, Verheißung und Evangelium bei Calvin. (In Neuser, W.H., *Hrsg.* Calvinus Theologus. Die Referate des Europäischen Kongresses für Calvinforschung vom 16. bis 19. September 1974 in Amsterdam. Neukirchen: Neukirchener. S. 17-37.)
- NEUSER, W.H. 2002. Einige Bemerkungen zum Stand der Calvinforschung. (Unveröffentlicher Kurzvortrag, am 21. August 2002 während des 8. Internationalen Kongresses für Calvinforschung, Princeton: New Jersey, USA).
- OS (= Opera Selecta)
kyk CALVIN, J. 1926-1962
- RAITT, J. 1984. Calvin's use of Persona. (In Neuser, W.H., *Hrsg.* Calvinus Ecclesiae Genevensis Custos. Die Referate des Internationalen Kongresses für Calvinforschung vom 6. bis 9. September 1982 in Genf. Frankfurt am Main: Peter Lang. S. 73-287.)
- RATSCHOW, C.H. 1982. Dogma – II. Systematisch-Theologisch. (In *TRE*, Bd. IX. S. 34-41.)
- RETIEF, G.J. 1984. Die verhouding tussen *mortificatio* en *vivificatio* in die leer van die heiliging by Johannes Calvyn. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. (D.Th.-proefskrif.)
- RITSCHL, D. 1990. Lehre. (In *TRE*, Bd XX. S. 608-621.)
- SADOLETUS, I. 1539. Epistola ad Senatam Populumque Genevensem. (In *OS* I,441-456.)
- SIMPSON, H.W. 1984. "Pietas" in the "Institutes" of Calvin. (In Van der Walt, B.J., ed. Our reformational tradition: a rich heritage and lasting vocation. Potchefstroom: PU vir CHO. p. 179-191.)

- SIMPSON, H.W. 1991. Wat Calvyn onder Reformasie verstaan het in vergelyking met laat-Middeleeuse idees in verband daarmee. (*In* Van der Walt, B.J., *red.* Die Idee van reformasie: gister en vandag – The idea of reform: yesterday and tomorrow. Potchefstroom: PU vir CHO. p. 47-82.)
- THOMPSON, J.L. 1992. John Calvin and the daughters of Sarah: women in regular and exceptional roles in the exegesis of Calvin, his predecessors, and his contemporaries. Genève: Droz. (Travaux d'Humanisme et Renaissance, No. CCLIX.)
- VAN NIEKERK, A. 2005. Die dood van dogma: mense vra na moderne belydenis. *Perspektief* (as Bylae by *Rapport*): 1, 26 Jun.
- VAN 'T SPIJKER, W. 2001. Calvin. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht. (Die Kirche in ihrer Geschichte, Bd. 3, J2.)
- WETHMAR, C.J. 2002. Does dogma have a future? *In die Skriflig*, 36(2):281-291.
- WEVERS, R. 1999. Calvin's "Institutes": Latin-English search and browser programs. Grand Rapids: Calvin Theological College. (CD-ROM.)
- WICKERT, U. 1982. Dogma – I. Historisch. (*In* TRE, Bd. IX. S. 26-34.)
- WILLIS, D. 1984. Calvin's use of substantia. (*In* Neuser, W.H., *Hrsg.* Calvinus Ecclesiae Genevensis Custos. Die Referate des Internationalen Kongresses für Calvinforschung vom 6. bis 9. September 1982 in Genf. Frankfurt am Main: Peter Lang. p. 289-301.)
- WOLMARANS, J.L.P. 2002. Jesus, die heroïese patroon, en ons. (*In* Muller, P., *red.* Die Nuwe Hervorming. Pretoria: Protea Boekhuis. p. 196-224.)

Kernbegrippe:

Calvynnavorsing

doctrina: betekenis waarin Calvyn dit gebruik

dogma: betekenisnuanses by Calvyn leer

teologie van verkondiging (by Calvyn)

Woord van God

Key concepts:

Calvin research

doctrina: meaning applied by Calvin

dogma: nuances of meaning in Calvin teaching/doctrine

theology of proclamation (Calvin's)

Word of God